

20 Oktober

Skrifgedeelte: Hebreërs 6:13-20  
Fokusgedeelte: NGB, Art 24

### Goeie werke en geloofsekerheid

In sterk seestrome het 'n skip 'n anker nodig. Dit kan die verskil tussen hawe en rots, veiligheid en skipbreuk, lewe en dood beteken. 'n Anker wat in die skip bly lê, beteken niks nie.

So gaan dit in baie lewens vandag: Die sterk strome van die tydsgees laat mense oral ronddryf. Twyfel is mode, twyfel in en aan alles. "Die enigste anker," word gesê, "lê in die mens self." Jou voorkeur, jou smaak, jou keuse en jou wil bepaal jou koers.

Hierdie lewenshouding is dwaas. Dit is soos 'n seeman wat die anker in sy eie skip neergooi en selfvoldaan sê: "Nou is ek veilig."

Ook gelowiges kan hierdie dwaasheid begaan. Ons eie godsdienstige handeling, kennis, gewoontes of goeie dade kan 'n valse sekuriteit bring. Kyk hoe stewig is ons anker! Ondertussen is ons sekerheid glad nie seker nie. Die anker lê nog in die boot! So dobber ons op 'n gevaarlike skipbreuk af!

Die enigste ware en onbeweeglike lewensanker is HOOP op Jesus Christus (vers 19). Hy is die waarborg dat ons dit wat God met 'n eed beloof het sal ontvang (vers 18). Hy het as die Voorloper ter wille van ons die hemel binnegegaan met alles wat nodig is om ons te red (vers 20). SÝ dade, SÝ gehoorsaamheid en SÝ offer is by God die anker en dit verseker dat ons hemelse veiligheid sal bereik. Al ons inspanning, al ons godsdienstige handeling moet daarop gemik wees om dankbaar aan hierdie hoop vas te hou. Hou hierdie anker vas, al moet jy oorboord gaan!

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*